

SUID-AFRIKAANSE  
WETENSKAPLIKE EN NYWERHEID-  
NAVORSINGSRAAD

SOUTH AFRICAN  
COUNCIL FOR SCIENTIFIC  
AND INDUSTRIAL RESEARCH

**SEWENDE  
JAARVERSLAG**

**SEVENTH  
ANNUAL REPORT**

**1951 — 1952**

**P R E T O R I A**

UNIE VAN SUID-AFRIKA

UNION OF SOUTH AFRICA

Posbus 395, Pretoria

4 Oktober 1952

Meneer,

Ek het die eer om hierby aan u voor te lê die Sewende Jaarverslag van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad oor die jaar geëindig 4 Oktober 1952.

'n Balansstaat en 'n staat van inkomste en uitgawe oor die boekjaar eindigend 31 Maart 1952, soos nagegaan deur die kontroleur en Ouditeur-Generaal, word ook voorgelê.

Dienswillig die uwe,

P. J. DU TOIT

President: Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

Sy Edele E. H. Louw,

Minister van Ekonomiese Sake,

Paul Hof,

Minnaarstraat,

PRETORIA.

P.O. Box 395, Pretoria

5th October, 1952.

Sir,

I have the honour to present to you herewith the Seventh Annual Report of the Council for Scientific and Industrial Research for the year ended October 4th, 1952.

A balance sheet and statement of income and expenditure for the financial year ended 31st March, 1952, certified by the Controller and Auditor-General, is also presented.

I have the honour to be,

Sir,

Your obedient Servant,

P. J. DU TOIT

President: Council for Scientific and Industrial Research

The Hon. E. H. Louw,

Minister of Economic Affairs,

Paul Hof,

Minnaar Street,

PRETORIA.

INHOUDSOPGAWE

SAMESTELLING EN VERGADERINGE VAN DIE RAAD .. 1

ALGEMENE OORSIG .. 3

    Koöperatiewe navorsing .. 3

    Inligtingsdienste .. 3

    Nywerheidsnavorsingsverenigings .. 3

    Navorsingsbeurse en -toekennings .. 4

    Mediese navorsing .. 4

    Nasionale laboratoriums .. 5

    Ontdekkings en uitvindings .. 5

    Publikasies .. 6

    Bouprogram .. 6

SKAKELAFDELING .. 6

    NAVORSINGSINLIGTING .. 7

        Industriële opnames .. 7

        Navrae .. 7

        Nywerheidsnavorsingsverenigings .. 7

        Kwytstelling van inkomstebelasting op navorsingsuitgawes .. 8

    MEDEDELING VAN DIE RESULTATE VAN NAVORSING .. 8

        Streekskomitees .. 8

        Navorsingsoorsig .. 9

        Adresboek van navorsingsinrigtings .. 9

        Openbare betrekkings .. 9

        Tentoonstellings .. 9

        Algemene openbare betrekkings .. 10

        Internasionale wetenskaplike betrekkings .. 10

        Patente .. 11

    SUID-AFRIKAANSE WETENSKAPLIKE SKAKELKANTOOR, LONDON .. 11

    SUID-AFRIKAANSE WETENSKAPLIKE SKAKELKANTOOR, WASHINGTON .. 12

AFDELING BIBLIOTEEK EN INLIGTING .. 14

    Boekevoorraad en lenings .. 14

    Tydskrifte .. 15

    „W.N.N.R. Inligting” .. 15

    Fotografiese kopieë .. 16

    Mikrokaart-leesapparaat .. 16

    Advies aan ander biblioteke .. 16

    Wetenskaplike Raad vir Afrika suid van die Sahara .. 16

    Wetenskaplike Konferensie van die Britse Gemenebes van Nasies, Australië, 1952 .. 16

NASIONALE CHEMIESE NAVORSINGS-LABORATORIUM .. 17

    INLEIDING .. 17

        Advieskomitees .. 17

        Koöperatiewe nywerheidsnavorsing .. 17

        Navorsingsaktiwiteite .. 19

    MINERALE PRODUKTE .. 19

CONTENTS

MEMBERSHIP AND MEETINGS OF THE COUNCIL .. 1

GENERAL REVIEW .. 3

    Co-operative research .. 3

    Information services .. 3

    Industrial research associations .. 3

    Research bursaries and grants .. 4

    Medical research .. 4

    National laboratories .. 5

    Discovery and invention .. 5

    Publications .. 6

    Building programme .. 6

LIAISON DIVISION .. 7

    RESEARCH INTELLIGENCE .. 7

        Industrial surveys .. 7

        Inquiries .. 7

        Industrial research associations .. 7

        Remission of income tax on research expenditure .. 8

    COMMUNICATION OF THE RESULTS OF RESEARCH .. 8

        Regional committees .. 8

        Research Review .. 9

        Directory of research organizations .. 9

        Public information .. 9

        Exhibitions .. 9

        General public relations .. 10

        International relations in science .. 10

        Patents .. 11

    SOUTH AFRICAN SCIENTIFIC LIAISON OFFICE, LONDON .. 11

    SOUTH AFRICAN SCIENTIFIC LIAISON OFFICE, WASHINGTON .. 12

LIBRARY AND INFORMATION DIVISION .. 14

    Bookstock and issues .. 14

    Periodicals .. 15

    “C.S.I.R. Information” .. 15

    Photographic copies .. 16

    Microcard reader .. 16

    Advice to other libraries .. 16

    Scientific Council for Africa south of the Sahara .. 16

    British Commonwealth Scientific Official Conference, Australia, 1952 .. 16

NATIONAL CHEMICAL RESEARCH LABORATORY .. 17

    INTRODUCTION .. 17

        Advisory Committees .. 17

        Co-operative industrial research .. 17

        Research activities .. 19

    MINERAL PRODUCTS .. 19

Kleisoorte en verwante stowwe .. 19

Chromium .. 20

Steenkool .. 20

Dolomiet .. 21

Mangaan .. 21

Sout .. 22

WATER .. 22

    Hergebruik van rioolafloopwaters .. 22

    Deminalisasie van watervoorraad .. 22

    Afloopwaters van wynstokerye .. 23

    Afloopwaters van suiwelnywerhede .. 23

    Bytsure .. 23

    Ammoniakwater .. 23

    Rivieropnames .. 24

PLANT PRODUKTE .. 25

    Suikerrietwas .. 25

    Bitterstofgehalte van die Cucurbitaceae (Komkommerfamilie) .. 25

    Hout .. 25

    Seegrasse .. 26

    Sonneblomme .. 26

    Tabak .. 26

DIEREPRODUKTE .. 27

    Wol .. 27

    Wolvet .. 27

    Vet in menshare .. 29

    Visolies .. 29

    Die Kaapse kreef .. 29

    Polimerisasie van olies .. 30

VOEDING .. 30

    Kalsium metabolisme in die Bantoe .. 31

    Yster metabolisme in die Bantoe .. 31

    Bilharzia .. 31

    Voedingstudies by die Diepkloof Verbeteringsgestig .. 31

    Metabolisme studies by die Baragwanathse hospitaal .. 31

    Die Vitamiene C-inhoud van gestooftde kool wat op groot skaal voorberei is .. 32

    Mediese navorsingsekspedisie na Tsane, Kalahariwoestyn, 1951 .. 32

FISIESE CHEMIE .. 32

    Studies van die sorpsie van gasse .. 32

    Metaalkorrosie .. 32

    Hoogpolimere studies .. 32

    Radiochemie .. 33

ANALITIESE LABORATORIUM .. 33

NASIONALE FISIESE LABORATORIUM .. 35

    INLEIDING .. 35

        Basiese navorsing .. 35

        Standaarde en gespesialiseerde toetsing .. 36

        Toegepaste fisika .. 36

    BASIESE NAVORSING .. 36

        Kernfisika .. 36

        Spektrografie .. 37

        X-straaldiffraksie .. 37

Clays and related materials .. 19

Chromium .. 20

Coal .. 20

Dolomite .. 21

Manganese .. 21

Salt .. 22

WATER .. 22

    Re-use of sewage effluents .. 22

    Deminalization of water supplies .. 22

    Wine distillery effluents .. 23

    Dairy effluents .. 23

    Pickle liquors .. 23

    Gas liquors .. 23

    River surveys .. 24

PLANT PRODUCTS .. 25

    Cane wax .. 25

    Bitter principles from the Cucurbitaceae (Cucumber family) .. 25

    Wood studies .. 25

    Seaweeds .. 26

    Sunflower .. 26

    Tobacco .. 26

ANIMAL PRODUCTS .. 27

    Wool .. 27

    Wool wax .. 27

    Human hair wax .. 29

    Marine oils .. 29

    The Cape rock lobster or crawfish .. 29

    Polymerization of oils .. 30

NUTRITION .. 30

    Calcium metabolism in the Bantu .. 31

    Iron metabolism in the Bantu .. 31

    Bilharzia .. 31

    Nutritional studies at Diepkloof Reformatory .. 31

    Metabolism studies at Baragwanath Hospital .. 31

    The Vitamin C content of braised cabbage prepared on a very large scale .. 32

    Medical research expedition to Tsane, Kalahari Desert, 1951 .. 32

PHYSICAL CHEMISTRY .. 32

    Studies of gaseous sorptions .. 32

    Metallic corrosion .. 32

    High polymer studies .. 32

    Radiochemistry .. 33

ANALYTICAL LABORATORY .. 33

NATIONAL PHYSICAL LABORATORY .. 35

    INTRODUCTION .. 35

        Basic research .. 35

        Standards and specialized testing .. 36

        Applied physics .. 36

    BASIC RESEARCH .. 36

        Nuclear physics .. 36

        Spectrography .. 37

        X-ray diffraction .. 37

Bestudering van metaal met die elektron- mikroskoop .. .. .	38
Radiobiologie .. .. .	38
Hittevloei in die aardkors .. .. .	38
Magnetisering van rotse .. .. .	39
Geologiese ouderdom .. .. .	39
<b>STANDARDISERING EN TOETSING .. .. .</b>	<b>39</b>
Standaard van massa en lengte .. .. .	39
Elektriese Standaard .. .. .	39
Elektromotiewe krag .. .. .	39
Weerstand .. .. .	39
Oordragapparaat .. .. .	40
Magnetiese eienskappe .. .. .	40
Frekwensie .. .. .	40
Kapasitansie en induktansie .. .. .	41
Hittestandaard .. .. .	41
Internasionale temperatuurskaal .. .. .	41
Emmissiwiteit .. .. .	41
Termiese geleidenheid .. .. .	42
Fotometriese en stralingstandaarde .. .. .	42
Fotometriese toetsing .. .. .	42
Spektroradiometer .. .. .	42
Akoestiese metings .. .. .	42
Yk van elektro-akoestiese toerusting .. .. .	42
Klankabsorpsie .. .. .	42
Akoestiese impedans .. .. .	42
Artikulasie en verstaanbaarheid .. .. .	42
Standaard van radioaktiwiteit .. .. .	43
X-straaldosimetrie, standardisering en film- wapendiens .. .. .	43
<b>WETENSKAPLIKE EN INDUSTRIËLE TOEPASSINGS ..</b>	<b>43</b>
Analise .. .. .	43
Spektrochemie .. .. .	43
Mikro-golf spektroskopie .. .. .	45
X-straaldiffraksie .. .. .	45
Elektronmikroskoop .. .. .	46
Massaspektrometrie .. .. .	47
Radioisotope .. .. .	47
Instrumentasie .. .. .	47
Ontwerp van optiese instrumente .. .. .	47
Radiografie .. .. .	48
Seismiese instrumente .. .. .	49
Fotoelastisiteit .. .. .	49
Meet van windstote op lugroetes .. .. .	49
Magnetiese versterkers .. .. .	49
Bou van vakuumbuis .. .. .	49
Eienskappe van ontvangbuis .. .. .	50
Analoog rekenmasjien .. .. .	50
Integrerende fotometer .. .. .	50
Stimulus opwekker .. .. .	50
Spierpotensiaal .. .. .	50
Beeldradio .. .. .	50
Servomeganismes .. .. .	51
Gehoor en gesig .. .. .	51
<b>NAVORSINGSEENHEID VIR WERKTUIG- KUNDIGE INGENIEURSWESE .. .. .</b>	<b>53</b>
<b>INLEIDING .. .. .</b>	<b>53</b>
Akkommodasie .. .. .	53
Nasionale Advieskomitee vir Navorsing in verband met Werktuigkundige Ingenieurs- wese .. .. .	54
Bedrywighede .. .. .	54

Metal studies with electron microscope .. ..	38
Radiobiology .. .. .	38
Heat flow in earth's crust .. .. .	38
Magnetization of rocks .. .. .	39
Geological age .. .. .	39
<b>STANDARDIZATION AND TESTING .. .. .</b>	<b>39</b>
Mass and length standards .. .. .	39
Electrical standards .. .. .	39
Electromotive force .. .. .	39
Resistance .. .. .	39
Transfer instrument .. .. .	40
Magnetic characteristics .. .. .	40
Frequency .. .. .	40
Capacitance and inductance .. .. .	41
Heat standards .. .. .	41
International temperature scale .. .. .	41
Emissivity .. .. .	41
Thermal conductivity .. .. .	42
Photometric and radiation standards .. .. .	42
Photometric testing .. .. .	42
Spectroradiometer .. .. .	42
Acoustic measurements .. .. .	42
Sound absorption .. .. .	42
Acoustic impedance .. .. .	42
Articulation and intelligibility .. .. .	42
Radioactivity standards .. .. .	43
X-ray dosimetry, standardization and film- badge service .. .. .	43
<b>SCIENTIFIC AND INDUSTRIAL APPLICATIONS ..</b>	<b>43</b>
Analysis .. .. .	43
Spectrochemistry .. .. .	43
Micro-wave spectroscopy .. .. .	45
X-ray diffraction .. .. .	45
Electron microscope .. .. .	46
Mass spectrometry .. .. .	47
Radio-isotopes .. .. .	47
Instrumentation .. .. .	47
Optical instrument design .. .. .	47
Radiography .. .. .	48
Seismic instrument .. .. .	49
Photoelasticity .. .. .	49
Gust measurement on air routes .. .. .	49
Transducers (magnetic amplifiers) .. .. .	49
Vacuum tube construction .. .. .	49
Valve characteristics .. .. .	50
Analogue computer .. .. .	50
Integrating photometer .. .. .	50
Stimulus generator .. .. .	50
Muscle potentials .. .. .	50
Television .. .. .	50
Servo-mechanisms .. .. .	51
Hearing and vision .. .. .	51
<b>MECHANICAL ENGINEERING RESEARCH UNIT .. .. .</b>	<b>53</b>
<b>INTRODUCTION .. .. .</b>	<b>53</b>
Accommodation .. .. .	53
National Advisory Committee for Mechanical Engineering Research .. .. .	54
Activities .. .. .	54

<b>INGENIEURSMATERIAAL, MEGANIKA VAN VASTE STOWWE EN ALGEMENE INGENIEURSONTWERP</b>	<b>54</b>
Die ontwerp van 'n radar-antenne .. .. .	54
<b>HITTEVOORTPLANTING EN TOEGEPASTE TERMO- DINAMIKA .. .. .</b>	<b>54</b>
'n Studie van vlieskoeffisiënte vir boumateriaal Ontwerp, toesig gedurende oprigting en yking van 'n klimaatskamer .. .. .	55
Die ontwerp en konstruksie van 'n menslike kaloriemeter .. .. .	56
<b>MEGANIKA VAN VLOEISTOWWE, INSLUITENDE HIDROULIESE MASJINERIE .. .. .</b>	<b>56</b>
Studies van dakventilators .. .. .	56
<b>TELEKOMMUNIKASIE-NAVORSINGS- LABORATORIUM .. .. .</b>	<b>57</b>
Algemeen .. .. .	57
Die ionosfeer en frekwensie-voorspellingsdiens Radio-geraaspele .. .. .	57
Opname van aard-konstantes .. .. .	58
Nuwe metodes vir kristalbeheer .. .. .	58
Ondersoek van weerlig met radar .. .. .	59
Afdeling verdedigingsradar .. .. .	59
<b>NASIONALE BOUNAVORSINGSINSTITUUT</b>	<b>60</b>
Advieskomitee vir Bounavorsing .. .. .	60
Beurse .. .. .	60
Afdeling Argitektuur .. .. .	61
Afdeling Funksionele Doeltreffendheid .. .. .	63
Afdeling Grondmeganika .. .. .	63
Afdeling Struktuuringenieurswese .. .. .	63
Afdeling Materiale .. .. .	65
Afdeling vir die Koste van Naturellebehuising (Tydelik) .. .. .	66
<b>NASIONALE INSTITUUT VIR PERSONEEL- NAVORSING .. .. .</b>	<b>67</b>
Nasionale Advieskomitee vir Personeelnavor- sing .. .. .	67
Funksionele organisasie .. .. .	67
Navorsing vir Verdedigingsmagpersoneel .. .. .	70
Naturellemynwerkers .. .. .	71
Keuring en opleiding van vakleerlinge .. .. .	72
Beroepsevaluasie .. .. .	72
Afwesigheid en arbeidsomset .. .. .	72
Naturellestudies .. .. .	73
Wechsler-Bellevuetoets .. .. .	73
Psigometriese studies .. .. .	73
Navorsing na temperament .. .. .	74
Wiskundige statistiek .. .. .	74
Publikasies .. .. .	75
<b>MEDIESE NAVORSING .. .. .</b>	<b>77</b>
Komitees .. .. .	77
Skenkings .. .. .	77
Mediese navorsingseenhede .. .. .	77
<b>AMEBIASENAVORSINGSEENHEID .. .. .</b>	<b>79</b>
Akkommodasie .. .. .	79
Personeel .. .. .	79

<b>ENGINEERING MATERIALS, MECHANICS OF SOLIDS AND GENERAL ENGINEERING DESIGN .. .. .</b>	<b>54</b>
Design of a radar aerial .. .. .	54
<b>HEAT TRANSFER AND APPLIED THERMODYNAMICS</b>	<b>54</b>
Study of film coefficients of building materials Design, supervision during erection, and cali- bration of a climatic chamber .. .. .	55
Design and construction of a human calori- meter .. .. .	56
<b>FLUID MECHANICS, INCLUDING HYDRAULIC MACHINERY .. .. .</b>	<b>56</b>
Studies of roof ventilators .. .. .	56
<b>TELECOMMUNICATIONS RESEARCH LA- BORATORY .. .. .</b>	<b>57</b>
General .. .. .	57
The ionosphere and frequency prediction service .. .. .	57
Radio-noise levels .. .. .	57
Ground constants survey .. .. .	58
New methods of crystal control .. .. .	58
Investigation of lightning by radar .. .. .	59
Defence radar section .. .. .	59
<b>NATIONAL BUILDING RESEARCH INSTI- TUTE .. .. .</b>	<b>60</b>
Building Research Advisory Committee .. .. .	60
Fellowships .. .. .	60
Architectural Division .. .. .	61
Functional Efficiency Division .. .. .	63
Soil Mechanics Division .. .. .	63
Structural Engineering Division .. .. .	63
Materials Division .. .. .	65
Costs of Native Housing Division (Tem- porary) .. .. .	66
<b>NATIONAL INSTITUTE FOR PERSONNEL RESEARCH .. .. .</b>	<b>67</b>
National Advisory Committee on Personnel Research .. .. .	67
Functional organization .. .. .	67
Defence personnel research .. .. .	70
Native mine labourers .. .. .	71
Selection and training of apprentices .. .. .	72
Job evaluation .. .. .	72
Absenteeism and labour turnover .. .. .	72
African studies .. .. .	73
Wechsler-Bellevue Test .. .. .	73
Psychometric studies .. .. .	73
Temperament research .. .. .	74
Mathematical statistics .. .. .	74
Publications .. .. .	75
<b>MEDICAL RESEARCH .. .. .</b>	<b>77</b>
Committees .. .. .	77
Donations .. .. .	77
Medical research units .. .. .	77
<b>AMOEBIASIS RESEARCH UNIT .. .. .</b>	<b>79</b>
Accommodation .. .. .	79
Personnel .. .. .	79

Werkzaamhede .. .. .	79
Geneeskundige proewe .. .. .	79
Opnames .. .. .	80
Laboratorium-ondersoeke .. .. .	80
Erkennings .. .. .	81
Publikasies .. .. .	81
<b>BILHARZIA NATUURGESKIEDENIS NAVORSINGSEENHEID .. .. .</b>	<b>81</b>
Bloedverlies en hoeveelheid eiers in Urine-bilharzia .. .. .	81
Resultate van behandeling ondersoek na 'n jaar .. .. .	82
Werk op bobbejane wat as proefdiere dien Eenslagtige infeksies .. .. .	82
Die kleinste hoeveelheid cercariae wat 'n positiewe BCF uitlok .. .. .	82
Antigenes .. .. .	83
Slakke wat in die laboratorium besmet is .. .. .	83
Opname: Witkoppen .. .. .	83
Geneeskundige proewe op laboratorium-diere	84
Ekologiese opname .. .. .	84
Vroeë diagnose van bilharzia .. .. .	84
Erkennings .. .. .	84
<b>KARDIO-PULMONALE NAVORSINGSEENHEID .. .. .</b>	<b>84</b>
Publikasies .. .. .	84
Ballistokardiografie .. .. .	85
(i) Kliniese Ballistokardiografie .. .. .	85
(ii) Eksperimentele en Diere-ballistokardiografie .. .. .	86
Respiratoriese funksie .. .. .	86
<b>VOEDINGNAVORSINGSEENHEID .. .. .</b>	<b>87</b>
Voeding .. .. .	87
Die lewensloop met betrekking tot voeding	87
Eksperimentele lewersiektes .. .. .	88
Voeding en die long .. .. .	88
Die voedingswaarde van mielies .. .. .	89
Voortplantingsfisiologie .. .. .	89
Diët en die menstruele siklus .. .. .	89
Die skildklier en die groei van bobbejane	89
Die struktuur van steroïed hormone en hul fisiologiese werking in bobbejaanwyfies .. .. .	89
ACTH en die menstruele siklus .. .. .	89
Biochemiese ondersoeke van die menstruele siklus .. .. .	90
Makromolekulêre sindroom .. .. .	90
Aangebore misvormings .. .. .	90
Retikulose .. .. .	90
Hematologiese reaksies tot makromolekules .. .. .	90
Eksperimentele werk op tumore van die blindweefsels en bloedvormende organe .. .. .	91
<b>NAVORSINGSEENHEID VIR KLINIESE VOEDING .. .. .</b>	<b>91</b>
Sekere aspekte van die werkzaamhede van die eenheid .. .. .	92
<b>GESINSGESONDHEIDNAVORSINGSEENHEID .. .. .</b>	<b>95</b>
Voedingstoestand van die moeder met betrekking tot die ontwikkeling van die baba .. .. .	96
Die Baba .. .. .	97
Kinders van voor-skoolse ouderdom .. .. .	98

Activities of the unit .. .. .	79
Therapeutic trials .. .. .	79
Surveys .. .. .	80
Laboratory investigations .. .. .	80
Acknowledgements .. .. .	81
Publications .. .. .	81
<b>BILHARZIA NATURAL HISTORY UNIT .. .. .</b>	<b>81</b>
Blood loss and egg load in urinary bilharziasis	81
Results of treatment assessed after one year	82
Work on experimental monkeys .. .. .	82
Unisexual infections .. .. .	82
Least number of cercariae which will elicit a positive BCF .. .. .	82
Antigenes .. .. .	83
Laboratory infection of snails .. .. .	83
Survey: Witkoppen .. .. .	83
Therapeutic tests in laboratory animals .. .. .	84
Ecological survey .. .. .	84
Early diagnosis of bilharziasis .. .. .	84
Acknowledgements .. .. .	84
<b>CARDIO-PULMONARY RESEARCH UNIT .. .. .</b>	<b>84</b>
Papers in preparation .. .. .	84
Ballistocardiography .. .. .	85
(i) Clinical Ballistocardiography .. .. .	85
(ii) Experimental and animal ballistocardiography .. .. .	86
Respiratory function .. .. .	86
<b>NUTRITION RESEARCH UNIT .. .. .</b>	<b>87</b>
Nutrition .. .. .	87
The life track in relation to nutrition .. .. .	87
Experimental liver disease .. .. .	88
Nutrition and the lung .. .. .	88
The nutritional value of maize .. .. .	89
Reproductive physiology .. .. .	89
Diet and the menstrual cycle .. .. .	89
The thyroid gland and growth in the baboon	89
The structure of steroid hormones and their physiological action in female baboons .. .. .	89
ACTH and the menstrual cycle .. .. .	89
Biochemical investigations of the menstrual cycle .. .. .	90
Macromolecular syndrome .. .. .	90
Congenital malformations .. .. .	90
Reticuloses .. .. .	90
Haematological responses to macromolecules	90
Experimental work on tumours of the connective tissues and haemopoietic organs .. .. .	91
<b>RESEARCH UNIT IN CLINICAL NUTRITION .. .. .</b>	<b>91</b>
Certain aspects of the activities of the unit .. .. .	92
<b>FAMILY HEALTH RESEARCH UNIT .. .. .</b>	<b>95</b>
Maternal nutrition in relation to growth and development of the infant .. .. .	96
The Infant .. .. .	97
Child of pre-school age .. .. .	98

Groei en ontwikkeling van die jong dogter en seun .. .. .	98
Meisies .. .. .	98
Seuns .. .. .	98
<b>TUBERKULOSE-NAVORSINGSEENHEID .. .. .</b>	<b>99</b>
Laboratoriumdiere .. .. .	99
Werk wat gedurende die jaar verrig is .. .. .	100
<b>VIRUSNAVORSINGSEENHEID .. .. .</b>	<b>100</b>
<i>Pseudomonas aeruginosa</i> en sy fages .. .. .	101
Fisiese studies .. .. .	101
Groeiensnelheid van bloutongvirus .. .. .	102
Griep .. .. .	103
Publikasies .. .. .	103

Growth and development of the young girl and boy .. .. .	98
Girls .. .. .	98
Boys .. .. .	98
<b>TUBERCULOSIS RESEARCH UNIT .. .. .</b>	<b>99</b>
Laboratory animals .. .. .	99
Duties performed during the year .. .. .	100
<b>VIRUS RESEARCH UNIT .. .. .</b>	<b>100</b>
<i>Pseudomonas aeruginosa</i> and its phages .. .. .	101
Physical studies .. .. .	101
Growth rate of the blue tongue virus .. .. .	102
Influenza .. .. .	103
Publications .. .. .	103



Aansigte van die W.N.N.R. Uitstalling in die Wetenskapslokaal by die Van Riebeeck Feeskou, Kaapstad.

Views of the C.S.I.R. Exhibit in the Hall of Science at the van Riebeeck Festival Fair, Cape Town.



## Samestelling en Vergaderinge van die Raad

Gedurende die jaar onder behandeling was die Raad as volg saamgestel:

DR. P. J. DU TOIT (PRESIDENT)  
 DR. T. B. DAVIE  
 DR. F. J. DE VILLIERS  
 MNR. F. J. DU TOIT ✓  
 MNR. P. E. ROUSSEAU  
 DR. B. F. J. SCHONLAND  
 PROF. E. T. STEGMANN ✓  
 MNR. T. P. STRATTEN  
 DR. E. TABERNER  
 DR. H. J. VAN ECK ✓  
 DR. R. W. WILCOCKS ✓  
 MNR. J. E. WORSDALE ✓

Dir. R. W. Wilcocks, dr. H. J. van Eck, dr. T. B. Dave en mnr. F. J. du Toit is deur die Goewerneur-generaal herbenoem as lede van die Raad vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 5 Oktober 1951. Prof. E. T. Stegmann is benoem as lid van die Raad vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 1 Februarie 1952 om die vakature te vul wat ontstaan het as gevolg van die bedanking van dr. M. S. Louw.

Die Raad het twee keer in Pretoria en een keer by die Universiteit van Stellenbosch vergader waar navorsingsdepartemente van die universiteit besoek is en besprekings gehou is met die universiteit se navorsingskomitee. Die Uitvoerende Komitee het seskeer vergader. Hierdie komitee was saamgestel soos volg:

DR. P. J. DU TOIT (VOORSITTER)  
 DR. F. J. DE VILLIERS (plaasvervanger mnr. J. E. Worsdale)  
 DR. H. J. VAN ECK (plaasvervanger mnr. F. J. du Toit)

Die Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing: 5/10/51—4/10/52.  
 Staande/Standing: S. M. Naudé (Vise President), E. T. Stegmann, T. P. Stratten, P. E. Rousseau, F. J. du Toit, E. Taberner. Sittende/Sitting: T. B. Davie, B. F. J. Schonland, F. J. de Villiers, P. J. du Toit, H. J. van Eck, R. W. Wilcocks, J. E. Worsdale.

The Council for Scientific and Industrial Research 5/10/51—4/10/52.

## Membership and Meetings of the Council

Membership of the Council during the year was:


DR. P. J. DU TOIT (PRESIDENT)  
 DR. T. B. DAVIE  
 DR. F. J. DE VILLIERS  
 MR. F. J. DU TOIT  
 MR. P. E. ROUSSEAU  
 DR. B. F. J. SCHONLAND  
 PROF. E. T. STEGMANN  
 MR. T. P. STRATTEN  
 DR. E. TABERNER  
 DR. H. J. VAN ECK  
 DR. R. W. WILCOCKS  
 MR. J. E. WORSDALE

Dr. R. W. Wilcocks, Dr. H. J. van Eck, Dr. T. B. Davie and Mr. F. J. du Toit, were reappointed by the Governor-General as members of the Council for three years from 5th October, 1951. Prof. E. T. Stegmann was appointed as a member of the Council for three years from 1st February, 1952, following the resignation of Dr. M. S. Louw.



The Council met twice in Pretoria and once at the University of Stellenbosch where research departments of the university were visited and discussions were held with the university's research committee. The Executive Committee met six times. Members of this committee were:

DR. P. J. DU TOIT (CHAIRMAN)  
 DR. F. J. DE VILLIERS (alternate Mr. J. E. Worsdale)  
 DR. H. J. VAN ECK (alternate Mr. F. J. du Toit)





Bituminous Binder Research Unit. Above: Tray test for measuring the uniformity of longitudinal distribution of binder. Centre: Interior of a mobile laboratory used for controlling field experiments. Below: Copper strips are applied to the road before surface dressing to facilitate subsequent removal of samples for testing.



Bitumiese Bindstof Navorsings-eenheid: Bo: Pantoets om die egaligheid van bindstofverspreiding oor die lengte van die pad, te meet. Middel: Binne in die mobiele laboratorium wat gebruik word om veldproewe te kontroleer. Onder: Deur hierdie koperplate op die pad te plaas voordat die oppervlaktedekmateriaal aangewend word, kan monsters op 'n later stadium vir laboratoriumondersoek maklik verwyder word.

## Algemene Oorsig

### Koöperatiewe navorsing

Nywerheids-, Staats- en ander organisasies maak in 'n toenemende mate van die Raad se dienste gebruik. Gedurende die eerste ses jaar is 'n inkomste van meer as £151,000 verkry van donasies, kontrakte, nywerheidsnavorsingsbeurse en bydraes tot nasionale navorsingsprogramme wat deur die Raad se laboratoriums onderneem is. In die finansiële jaar wat in Maart 1952 eindig het, het die inkomste uit hierdie bronne £41,327 beloop. In die huidige finansiële jaar wat in Maart 1953 eindig, word dit op nagenoeg £68,000 beraam en in die daaropvolgende jaar op meer as £75,000.

### Inligtingsdienste

Baie inligting word gratis verskaf. Byvoorbeeld skakelbeamptes verbonde aan die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium het meer as 500 navrae om inligting gehanteer. Die Afdeling Biblioteek en Inligting het 23,429 boeke, pamflette en tydskrifte uitgeleen—1,000 waarvan aan nywerhede en, daarbenewens, 1,159 deur die leenskema tussen biblioteke.

### Nywerheidsnavorsingsvereniginge

Mnr. H. M. Hamilton, voorheen hoof skeikundige van die „British Insulated Callenders Cable Company”, het in Junie 1952 uit Engeland aangekom om oor te neem as direkteur van die Verfnwywerheidsnavorsingsinstituut in Durban. Hy volg dr. L. Whitby op, wat in Februarie 1952 vertrek het om 'n betrekking in Amerika te aanvaar.

Die Suid-Afrikaanse Woltekstielfnavorsingsinstituut, wat in hul tydelike huisvesting by die Universiteit Rhodes, Grahamstad, aangeby het, het aansoek gedoen om registrasie as 'n nie-winsgewende maatskappy.

Die Leernywerheidsnavorsingsinstituut, Grahamstad, die Visnywerheidsnavorsingsinstituut, Kaapstad, die Suikermeulenywerheidsnavorsingsinstituut, Durban, en die Navorsingseenheid vir Bitumiese Bindstowwe, Pretoria, het volgehou met bevredigende ontwikkeling.

Nywerheidsbydraes tot hierdie ses navorsingsverenigings wat subsidies van die Raad verdien, het gestadig vermeerder.

1946/47	..	..	..	£12,686
1947/48	..	..	..	£13,140
1948/49	..	..	..	£21,251
1949/50	..	..	..	£22,733
1950/51	..	..	..	£34,366
1951/52	..	..	..	£47,478
Totaal	..	..	..	£151,654

## General Review

### Co-operative research

Industrial, Government and other organizations are making increasing use of the Council's services. During the first six years, revenue exceeding £151,000 was realized from donations, contracts, industrial research fellowships and contributions to national research programmes undertaken in the Council's laboratories. In the financial year ended March, 1952, revenue from these sources was £41,327; in the current financial year, ending March, 1953, it is estimated that it will be approximately £68,000 and, in the following year, more than £75,000.

### Information services

Much information is given free of charge. For example, liaison officers attached to the National Chemical Research Laboratory dealt with over 500 inquiries for technical information and advice; the Library and Information Division issued 23,429 books, pamphlets and journals on loan—1,000 to industrial borrowers and, in addition, 1,159 through the inter-library loan scheme.

### Industrial research associations

Mr. G. M. Hamilton, formerly chief chemist of the British Insulated Callenders Cable Company, arrived from England in June, 1952, to take over the directorship of the Paint Industries Research Institute, Durban. He succeeds Dr. L. Whitby, who left in February, 1952, to take up an appointment in America.

The South African Wool Textile Research Institute, which has continued to occupy temporary accommodation at Rhodes University, Grahamstown, has applied for registration as a non-profit company.

The Leather Industries Research Institute, Grahamstown, Fishing Industry Research Institute, Cape Town, Sugar Milling Research Institute, Durban, and Bituminous Binder Research Unit, Pretoria, have all continued to develop satisfactorily.

Industrial contributions to these six research associations which earn subsidies from the Council have increased steadily.

1946/47	..	..	..	£12,686
1947/48	..	..	..	£13,140
1948/49	..	..	..	£21,251
1949/50	..	..	..	£22,733
1950/51	..	..	..	£34,366
1951/52	..	..	..	£47,478
Total	..	..	..	£151,654

## Navorsingsbeurse en -toekennings

Toekennings aan universiteite vir nagraadse navorsing het 14 senior beurse, 48 studentebeurse, 53 navorsings-assistentskappe en talle toekennings vir lopende uitgawes en gespesialiseerde toerusting ingesluit. Publikasies wat van die houers van navorsingstoekennings van die W.N.N.R. ontvang is, verskyn in Bylae ID.

Hierdie jaar het die Raad 'n nuwe beleid aanvaar vir die skepping van beurse vir navorsing in gespesifiseerde gebiede, waarin daar 'n behoefte is aan opgeleide navorsingswerkers, maar waarin daar geen fasiliteite vir navorsingsopleiding aan Suid-Afrikaanse universiteite bestaan nie. Ses beurse is aangebied, drie waarvan beskikbaar is vir navorsing in die Raad se eie laboratoriums en drie aan goedgekeurde navorsingsinrigtings in die buiteland. Dié vir navorsing in die W.N.N.R. se laboratoriums is in die volgende gebiede:

- (a) mediese, landboukundige en nywerheidstoepassing van radio-isotope
- (b) die behandeling van nywerheidsafloopwater
- (c) personeelkeuring van naturellewerkers
- (d) toegepaste geofisika

Die gebiede voorgeskryf vir navorsing in die buiteland is—

- (e) chemiese ingenieurswese
- (f) biochemie van insekte of plante
- (g) moderne berekeningsmetodes
- (h) watervoorsiening en uitbreiding, insluitende alle takke van hidrologiese navorsing en die statistiese ontleding van behoeftes aan water.

Die Raad mag meer as een toekening maak in enige van hierdie gebiede en geen toekennings in die ander nie, afhangende van die standaard van die kandidate.

## Mediese navorsing

'n Nuwe mediese navorsingseenheid is by die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsinstituut gestig onder dr. A. R. P. Walker, voorheen hoof van die Voedingsseenheid in die Afdeling Biochemie van die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium. Die personeel van die eenheid, nou bekend as die Navorsingseenheid vir Menslike Biochemie, sal nog deur die W.N.N.R. voorsien word.

Die Navorsingseenheid vir Maatskaplike Geneeskunde onder prof. J. F. Brock by die Universiteit van Kaapstad, is nou bekend as die Navorsingseenheid vir Kliniese Voeding en die Navorsingseenheid vir Maatskaplike Geneeskunde onder dr. S. L. Kark van die Departement van Gesondheid by die Instituut vir Familie- en Gemeenskapsgesondheid, Durban, sal voortaan as Navorsingseenheid vir Gesinsgesondheid bekend staan.

Verslae oor die werksaamhede van die verskillende mediese navorsingseenhede verskyn op bladsye 77-103.

## Research bursaries and grants

Awards to universities for post-graduate research included 14 senior bursaries, 48 student bursaries, 53 research assistantships and numerous grants for running expenses and specialized equipment. Publications received from the holders of C.S.I.R. research awards are listed in Appendix I, and research bursaries and assistantships are summarized in Appendix I.D.

This year the Council adopted a new policy of creating bursaries for directed research in specified fields in which there is a need for trained research workers but in which there are no facilities for research training at South African universities. Six bursaries were offered, three tenable in the Council's own laboratories and three tenable at approved research institutions overseas. Those for research in the C.S.I.R. laboratories are in the following fields:

- (a) medical, agricultural and industrial application of radio-isotopes
- (b) the treatment of industrial effluents
- (c) personnel selection of Native operatives
- (d) applied geophysics

The fields prescribed for research overseas are—

- (e) chemical engineering
- (f) insect or plant biochemistry
- (g) modern computational methods
- (h) water supply and augmentation, including all branches of hydrological research and the statistical analysis of water requirements.

The Council may make more than one award in any of these fields and none in others, depending on the standard of the candidates.

## Medical research

A new medical research unit has been formed at the South African Institute for Medical Research under Dr. A. R. P. Walker, formerly head of a nutrition unit in the Biochemistry Division of the National Chemical Research Laboratory. The staff of the unit, now known as the Human Biochemistry Research Unit, will continue to be provided by the C.S.I.R.

The Social Medicine Research Unit under Prof. J. F. Brock at the University of Cape Town is now known as the Research Unit in Clinical Nutrition and the Social Medicine Research Unit under Dr. S. L. Kark of the Union Health Department at the Institute of Family and Community Health, Durban, will be known in future at the Family Health Research Unit.

Reports on the activities of the various medical research units appear on pages 77-103-



In die eerste van die nuwe geboue wat voltooi is, is daar 'n lae-spoed windtunnel van 10 voet deursnee wat deur 'n Suid-Afrikaanse firma vervaardig is, en 'n middelspoed, agthoekige windtunnel van 2 voet deursnee wat in die Sentrale Werkspale van die W.N.N.R. vervaardig is.

In the first of the new buildings to be completed, there is a 10 ft. diameter low velocity wind tunnel, made by a South African firm, and a 2 ft. medium speed, octagonal wind-tunnel made in the Central Workshops of the C.S.I.R.

## Nasionale laboratoriums

Die belangrikste ontwikkeling was in die Navorsingseenheid vir Werktuigkundige Ingenieurswese wat verlede jaar gestig is. Dit was duidelik dat daar op hierdie gebied 'n behoefte aan navorsingsfasiliteite was en dit word geskat dat nywerhede en ander liggame volgende jaar £25,000 sal bydra vir die koste verbode aan werk wat die eenheid vir hulle sal onderneem. Die hoof van die eenheid dr. A. J. A. Roux, is aangestel as direkteur van die Nasionale Fisiese Laboratorium, maar hy sal nog voortgaan om navorsing in verband met werktuigkundige ingenieurswese as 'n hoofafdeling van Nasionale Fisiese Laboratorium te beheer.

## Ontdekkings en uitvindings

Die patentering van ontdekkings en uitvindings deur die personeel, het die aandag van die Raad in 'n toenemende mate in beslag geneem en die Raad het baie aandag bestee aan die ontwikkeling van 'n beleid en die prosedure om die verskeidenheid van gevalle wat vir oorweging voorgelê word te hanteer. 'n Nuwe tegniek vir die seleksie van frekwensies wat in die Telekom-

## National laboratories

The main development has been in the Mechanical Engineering Research Unit which was started last year. It is evident that there was a great need for research facilities in this field and already it is estimated that, next year, industries and other bodies will contribute £25,000 to the cost of work which this unit will undertake on their behalf. The head of the unit, Dr. A. J. A. Roux, has been appointed director of the National Physical Laboratory, but will continue to direct mechanical engineering research as a major division of the National Physical Laboratory.

## Discovery and invention

The patenting of discoveries and inventions by the staff has increasingly occupied the attention of the Council, which has given much thought to evolving a policy and procedures to cover the varied cases which come up for consideration. A new technique of frequency selection which was developed in the Telecommunications Research Laboratory and patented last year, has been taken up by a South African firm



munikasie-navorsingslaboratorium ontwikkel is en verlede jaar gepatenteer is, is aanvaar deur 'n Suid-Afrikaanse firma, wat reeds die eerste twee proefmodelle van 'n kristalbeheerde radio-ontvangtoestel, wat volgens 'n lisensie van die W.N.N.R. vervaardig is, afgelewer het. 'n Anerobiese verteringsproses vir die suiwering van nywerheidsafloopwater, belaa met organiese stowwe, wat ook verlede jaar gepatenteer is, is uitgetoets in 'n peilaanleg by Stellenbosch, onder kontrak met 'n nywerheidsonderneming. Twee nuwe prosesse is gepatenteer—een 'n verbeterde proses vir die defluorering van water en 'n verbeterde proses vir die verseping van wolvette. Dit het aan die lig gekom dat die uitvinding van nog 'n proses vir die produksie van drooglies, veral vir gebruik in die vervaardiging van verf, voorgespring is deur 'n groot Amerikaanse korporasie wat onlangs 'n patent registreer het.

#### Publikasies

Die hoeveelheid publikasies is 'n gebruikelike metode om die navorsingsbedrywighede te meet en in Bylae I is daar 'n lys van 140 geskifte en verslae van die personeel wat gedurende die jaar gepubliseer is; die meeste hiervan is die resultate van oorspronklike navorsing wat in tydskrifte van internasionale faam gepubliseer is. Uittreksels van geskifte saam met algemene notas oor die betrokke navorsingsprogramme verskyn in 'n kwartaalblad *Navorsingsoorsig* wat deur die Raad se skakelafdeling uitgegee word, nadat die geskifte oorspronklik in wetenskaplike en tegniese tydskrifte gepubliseer is.

#### Bouprogram

Die perseel is reeds gereedgemaak, die windtonnelgebou is voltooi en die Navorsingseenheid vir Werktuigkundige Ingenieurswese het reeds ingetrek. Daar is twee windtonnels wat gebruik sal word vir die studie van die werkverrigting van dakventilators, navorsing in verband met die ventilasie van geboue en die noukeurige yking van instrumente vir lugvloeiometings. Daar is voortgegaan met die konstruksie van die siklotronsaal en dit is byna voltooi. Die werk aan die gebou vir die Nasionale Bounavorsingsinstituut, die eerste groot laboratorium wat na die nuwe perseel verskuif sal word, het reeds begin.

Hierdie werk vorm die eerste gedeelte van die bouprogram, die koste waarvan gedek word deur 'n skenking van £225,600 wat in 1946-47 daarvoor bewillig is. 'n Verdere bedrag van £250,000 is bewillig vir die jaar eindigende 31 Maart 1953 vir die tweede deel van die program—die Nasionale Fisiese Laboratorium en geboue vir kernfisika, biofisika en akoestiek. Daar is reeds goeie vordering gemaak met die beplanning van hierdie geboue.

which has delivered the first two trial models of a crystal controlled radio receiver manufactured under licence to the C.S.I.R. An anaerobic digestion process for the purification of industrial effluents charged with organic matter, also patented last year, has been tried out in a pilot plant at Stellenbosch under contract to an industrial concern. Two new processes have been patented—one an improved process for the defluoridation of water and an improved process for the saponification of wool grease. It was found that the discovery of another process for the production of drying oils, particularly for use in the manufacture of paints, had been forestalled by a patent filed recently by a large American corporation.

#### Publications

Publication is a customary yardstick of research activity and in Appendix I there are listed 140 papers and reports from the staff which were published during the year, the majority of them communicating the results of original research in journals of international repute. Abstracts of papers together with general notes on the relevant research programmes, appear in a quarterly *Research Review* issued by the Council's Liaison Division, subsequent to the original publication of the papers in scientific and technical journals.

#### Building programme

The site has been cleared and the wind tunnel building has been completed and occupied by the Mechanical Engineering Research Unit. There are two wind tunnels which will be used for studies of the performance of roof ventilators, research into the ventilation of buildings and accurate calibration of airflow instruments. Construction of the cyclotron hall has continued and is nearing completion; work on the building for the National Building Research Institute, the first major laboratory which will be moved to the new site, has begun.

These works constitute the first part of the building programme, the costs of which are covered by a grant of £225,600 voted for this purpose in 1946-47. A further sum of £250,000 was voted for the year ended March 31st, 1953, for the second stage of the programme—the National Physical Laboratory and buildings for nuclear physics, biophysics and acoustics. The planning of these buildings is already well advanced.

## Skakelafdeling

### NAVORSINGSINLIGTING

Die twee navorsingsbeamptes wat verbonde is aan die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium dra nog steeds die verantwoordelikheid vir hierdie deel van die werk en vorm in werklikheid die kern van 'n industriële skakelafdeling. Tegniese navrae, onderhandelings wat kontrakte en beurse voorafgaan en sekretariële dienste aan onder-komitees wat handel met projekte, het tot so 'n mate toegeneem dat die stelselmatige opnames van grondstowwe wat ook deur hierdie skakelbeamptes onderneem word, beperk moes word.

#### Industriële opnames

Twee verslae is voorberei:

1. Die voorraad sout en verwante chemiese stowwe in Suid-Afrika.
2. 'n Kritiese oorsig van die kaolienbedryf in Suid-Afrika veral met betrekking tot die moontlike toepassing van raffineringstegniese.

Hierdie verslae wat in die eerste instansie vir huis-houdelike gebruik bedoel is, en uiteindelik vir publikasie, mag lei tot navorsingsprojekte.

Benewens hierdie twee verslae, het twee verslae gedurende die jaar verskyn, waaraan die betrokke skakelbeamptes medeskrywers met ander was:

3. Titanium—'n kritiese oorsig, veral met betrekking tot die benutting van Suid-Afrikaanse hulpbronne.
4. Walvisverwerking II: Die samestelling van party walvislewerekstrakte.

#### Navrae

Die aantal navrae waarmee gehandel is was net minder as 500. Die tipe navraag wat ontvang word het merkbaar verbeter en dui daarop dat vraers meer bewus is van die soort hulp wat die W.N.N.R. in staat is om te verleen. Die beantwoording van vrae weens die feit dat hul besonder uitvoerig en omvattend moet wees, neem alhoemeer tyd in beslag—in party gevalle hou die briedwisseling vir maande aan.

Meer en meer navrae lei tot navorsingskontrakte en beurse, meer as dertig waarvan gedurende die afgelope jaar tot stand gebring is. Hierdie onderhandelings behels die voorbereiding van kosteberekenings, kontrak-dokumente, ens. en ook 'n groot deel van die finale kosteberekening en administrasie.

#### Nywerheidsnavorsingsverenigings

Die huidige ses navorsingsverenigings ontwikkel nog steeds tot groter stabiliteit. 'n Vergadering van direkteure van navorsingsverenigings en direkteure van W.N.N.R. nasionale laboratoriums is in Pretoria belê ten einde nuwe verwikkelings en gemeenskaplike probleme te bespreek.

## Liaison Division

### RESEARCH INTELLIGENCE

This branch of work has continued to be the responsibility of the two officers attached to the National Chemical Research Laboratory who, in effect, constitute the nucleus of an industrial liaison section. Technical inquiries, negotiation of contracts and fellowships and secretarial services to project sub-committees have been an increasing commitment which to some extent has limited the undertaking of systematic surveys of raw materials.

#### Industrial surveys

Two reports have been prepared:

1. The supply of salt and related chemicals in South Africa.
2. A critical survey of the kaolin industry in South Africa with special reference to the feasibility of introducing refining techniques.

These reports, which are intended for internal use in the first place and eventually for publication, may result in research contracts or projects.

In addition, two publications have appeared during the year in which the officers concerned are joint authors with others:

3. Titanium—a critical review with special reference to the utilization of South African resources.
4. Whale processing II: The composition of some whale liver extracts.

#### Inquiries

The number of inquiries dealt with was just short of 500. The type of inquiry received has noticeably improved and reveals an increasing awareness of the type of assistance the C.S.I.R. is in a position to offer. Answers require in general to be more detailed and comprehensive and take up an increasing amount of time, correspondence in some cases continuing for months.

More inquiries are leading to research contracts and fellowships, of which about thirty have been negotiated during the year, including preparation of cost estimates, contract documents, etc., and much of the final costing and administration.

#### Industrial research associations

The existing six research associations have continued to develop towards greater stability. A meeting of the directors of research associations and of C.S.I.R. national laboratories was arranged in Pretoria, to discuss new developments and common problems.

Ingevolge die besluit van die Gefedereerde Kamer van Nywerhede om die moontlikheid te ondersoek vir die oprigting van 'n vereniging vir nywerheidsontwerp volgens die W.N.N.R. se stelsel vir nywerheidsnavorsingsverenigings, het die hoof van die afdeling die W.N.N.R. verteenwoordig op 'n rigtingskomitee wat voorstelle geformuleer het vir voorlegging aan die betrokke industrie. Daar is in kontak gebly met die Gefedereerde Kamer van Nywerhede wat hierdie saak nog steeds oorweeg.

#### Kwytstelling van inkomstebelasting op navorsingsuitgawes

Aansoeke om sertifisering van navorsingsuitgawes op kapitaaltoerusting word nog steeds deur die Skakel-beamptes ondersoek.


#### MEDEDELING VAN DIE RESULTATE VAN NAVORSING

##### Streekskomitees

Die Natalse Streeksnavorsingskomitee onder voorsitterskap van mnr. T. E. Peppercorn het twee openbare

Regs: Die tegniek van spektrochemiese analise word verduidelik aan lede van die Verfnwywerheid-Navorsingsinstituut wat die W.N.N.R. laboratoriums na hul Jaarvergadering wat gedurende Mei 1952 in Pretoria gehou is, besoek het.

Onder: Voorsitter van die Natalse Streeksnavorsingskomitee, mnr. T. E. Peppercorn, Besturende Direkteur van Dunlop, Suid-Afrika, Bpk., Durban, het vertrek om 'n betrekking by die Dunlop Maatskappy in Londen te aanvaar. Mnr. S. Stephenson, Besturende Direkteur van die firma James Brown & Co., Durban, is die nuwe voorsitter van hierdie komitee.



Above: Spectrochemical analysis being described to members of the Paint Industries Research Institute who visited the C.S.I.R. laboratories after their Annual General Meeting in Pretoria, in May 1952.

Left: Chairman of the Natal Regional Research Committee, Mr. T. E. Peppercorn, Managing Director of Dunlop South Africa, Ltd., Durban, has left to take up an appointment with the Dunlop Company in London. Mr. S. Stephenson, Managing Director of James Brown & Co., Durban, is the new Chairman of this Committee.

Consequent upon the decision of the Federated Chamber of Industries to investigate the possibility of setting up an industrial design association under the C.S.I.R.'s research association scheme, the head of the division represented the C.S.I.R. on a steering committee which drafted proposals for submission to organized industry. Contact has been maintained with the F.C.I., which is still reviewing this whole question.

#### Remission of income tax on research expenditure

Applications for the certification of research expenditure on capital items continue to be investigated by liaison officers.

#### COMMUNICATION OF THE RESULTS OF RESEARCH

##### Regional committees

The Natal Regional Research Committee, under the chairmanship of Mr. T. E. Peppercorn, arranged two public lectures in Durban, by Dr. S. Biesheuvel on personnel selection, and by Mr. J. E. Jennings on Native housing.

lesings in Durban gereël, een deur dr. S. Biesheuvel oor personeelkeuring en die ander deur mnr. J. E. Jennings oor Naturellebehuising.

Die doelwit van dr. Biesheuvel se besoek was om die Tegniese Advieskomitee van die Natalse Kamer van Nywerhede te adviseer oor die toepassing van aanlegstoetse vir Naturelle wat in nywerhede werk. Die uitnodiging is aan hom gerrig deur bemiddeling van die W.N.N.R. se streeksnavorsingskomitee. Mnr. Jennings s uitgenooi deur die streekskomitee self.

Die Middellandse Streeksnavorsingskomitee, onder voorsitterskap van mnr. H. Schander, het weereens veel presteer deur belangstelling gaande te hou in die Raad se werksaamhede. Hierdie komitee is tans 'n behoorlik gekonstitueerde liggaam met sy eie konstitusie en bankrekening. 'n Uitstalling foto's van die Raad se laboratoriums is in die Port Elizabethse Openbare Biblioteek gereël.

##### Navorsingsoorsig

Daar is tans nagenoeg 3,000 name op die adreslys vir *Navorsingsoorsig*. Benewens navorsingsliggame en organisasies waarmee ons in kontak is, is hierdie lys opgestel deur gebruik te maak van „antwoord-strokies” wat ons ons teruggestuur is deur die lede van sekere wetenskaplike en tegniese verenigings aan wie vorige uitgawes gestuur is. 'n Inhoudsopgawe van Volume I is tesame met die Junie 1952 uitgawe uitgestuur.

##### Adresboek van navorsingsinrigtings

Aanvraag vir hierdie publikasie duur voort en, aangesien dit feitlik uit druk is, word die uitgee van 'n hersiene, geïllustreerde uitgawe oorweeg.

'n Afrikaanse omsetting is voltooi en gedistribueer.

##### Openbare betrekkings

Die Pers, handels en ander tydskrifte en die S.A.U.K. nuusdiens is gereeld voorsien van inligting oor die werksaamhede van die Raad en sy laboratoriums.

##### Tentoonstellings

This has continued to be very fully occupied in serving the needs of other sections. An improved method for the estimation of mercury in traces in urine has been worked out and applied in an associated investigation into the causes of acrodynia or "pink disease" in infants. In this it was possible to confirm that high concentrations of mercury in the urine characterize such cases, which can be cured by administration of BAL.

Toediening van superfosfaat bemestingstof „bestempel” met radioaktiewe fosfor ( $P^{32}$ ).

Superphosphate fertilizer „labelled” with radioactive phosphorus ( $P^{32}$ ) being broadcast.



Below: Isothermal distillation apparatus used in determination of the molecular weights of separated components of marine oils, etc.

Onder: Isotermiese distilleerapparaat gebruik vir die bepaling van die molekulêre gewigte van die geskeide bestanddele van visolies, ens.

## Nasionale Fisiese Laboratorium

### INLEIDING

Die Raad betuig sy dank aan lede van die Advieskomitee van die Nasionale Fisiese Laboratorium vir hul hulp en leiding.

In die lig van ondervinding wat in dié land en gedurende besoeke oorsee opgedoen is, is veel aandag bestee aan die beplanning van die nuwe gebou.

Die werk wat gedurende die afgelope jaar verrig is kan waarskynlik die beste ingedeel word volgens die funksies wat deur die laboratorium vervul moet word en resorteer onder drie hoofde.

### Basiese navorsing

Die laboratorium moet 'n groep fisikusse beskikbaar stel, elkeen waarvan 'n deskundige op sy besondere gebied is. Hierdie doel kan alleen bereik word indien elkeen van hierdie persone hom voltyds kan wy aan navorsing op sy eie gespesialiseerde gebied.

Konstruksie van die siklotronegebou, die vloer waarvan 30 voet onder die oppervlakte van die grond is. Ten einde gronddruk te weerstaan, is die mure gebou van swaar bewapende beton, 2 voet dik.

## National Physical Laboratory

### INTRODUCTION

The Council records its gratitude to members of the Advisory Committee of the National Physical Laboratory, for their help and guidance.


Much attention has been given to the planning of new buildings in the light of the experience which has been gained both here and on visits overseas.

The work of the past year can perhaps best be described under three main headings according to the functions which the laboratory has to serve.

### Basic research

It must provide a group of physicists each of whom is a leader in his particular field. This can be achieved only if each of the individuals concerned is actively engaged in research in his own specialized subject.

Construction of the cyclotron building, the floor of which is 30 feet below ground surface; to withstand soil pressure, the walls are of heavily reinforced concrete, 2 ft. thick.



### Standaard en gespesialiseerde toetsing

Fisika is in hoofsaak 'n metingswetenskap. Die laboratorium moet hom derhalwe toelê op die ontwikkeling van sy eie meetegnieke. Sodoende word dit die natuurlike tuiste van die fundamentele fisiese standaarde van die land. Die laboratorium se tweede belangrike funksie is gevolglik die verskaffing van gespesialiseerde toetsfasiliteite aan die wetenskap en aan nywerhede.


### Toegepaste fisika

Hierdie aspek van die werk word onder twee hoofde behandel: gespesialiseerde analitiese tegnieke en instrumentasie.

## BASIESE NAVORSING

### Kernfisika

Sowat vier jaar gelede het hierdie laboratorium begin met 'n projek waardeur 'n nasionale sentrum vir kernfisiese navorsing opgebou sou word. Nadat die saak noukeurig in oorweging geneem is, is daar besluit om 'n siklotron te bou wat die basiese radioaktiewe materiale vir hierdie navorsingswerk sal produseer. 'n Fisikus en 'n ingenieur wat oorsee gestuur is om die gebruik en ontwerp van so 'n instrument te bestudeer het die ontwerp daarvan sowel as dié van die geboue wat daarby hoort, voltooi. Aansienlike vooruitgang is gemaak met die bou van die siklotronsaal en met die vervaardiging van die onderdele van die siklotron self. In September 1952 is daar met die aanmeekaarsit van die siklotron begin.



Hier word aangetoon hoedat die juk van die siklotronmagneet in die fabriek aanmeekaar gesit word. Die deursnee van die poolvlakke, wat parallel is tot met 0.001 duim, is 45 duim.

The yoke of the cyclotron magnet, shown assembled at the factory. The diameter of the pole faces, which are parallel to within 0.001 in., is 45 in.

### Standards and specialized testing

Physics is essentially a science of measurement. For its own purposes the laboratory must develop intensively its measuring techniques. In so doing it becomes the natural home for the fundamental physical standards of the nation. Its second important function is therefore to supply standardizing and specialized testing facilities to science and industry.

### Applied physics

This aspect of the work is described under two main headings: specialized analytical techniques and instrumentation.

## BASIC RESEARCH

### Nuclear physics

Some four years ago this laboratory embarked on a programme for establishing a national centre for nuclear research. It was decided that a cyclotron should be built to supply the basic radioactive materials for this research. A physicist and an engineer, sent overseas to study the application and design of such an instrument, completed the basic design of the cyclotron as well as of the buildings required to house it. Progress has been made in building the cyclotron hall and in manufacturing the components of the cyclotron. Assembling operations began in September, 1952.

Aandag is ook bestee aan die apparaat wat nodig is vir die bestudering van die produkte van die siklotron. 'n Permanente magneet-betaspektrometer is bykans voltooi in die werksplase maar dit sal nog geruime tyd duur voordat dit in gebruik geneem sal word. Die tegniek van sintillasielapparate is bestudeer en toerusting waarin hierdie beginsel gebruik word, is gebou. Dit is reeds in 'n paar voorlopige studies gebruik maar verdere apparaat en toebehore is nodig voordat hierdie telapparate voltooi sal wees.

### Spektrografie

Die bestudering van spektra gedurende die afgelope vyftig jaar het reeds die meeste vrae i.v.m. die struktuur van atome en molekules beantwoord. Party vrae moet eger nog beantwoord word.

In hierdie laboratorium word daar gesoek na metodes waardeur die emissiespektra van die molekules  $Be_2$ ,  $Sb_2$ ,  $Bi_2$  en  $Si_2$  geopenbaar sal word. In 'n reeks ongeslaagde pogings om die spektra op te wek is die holkatodeboog, hoë-drukboë in gekontroleerde atmosfeer, en aktiewe stikstof gebruik. Geen verdere werk kan op hierdie gebied onderneem word tot dat die opwekkingsproses opgelos is nie. Gedurende pogings om die  $Be_2$  spektrum te vind is 'n reeks van vier onbekende bandespektra met buitengewone struktuur waargeneem. Geen bevredigende verklaring van hierdie bande kon gegee word nie en die uitsender is nog nie met sekerheid bepaal nie.

Die uitwerking van oplosmiddels op die Raman-spektra van organiese mengsels is ondersoek met die doel om te bepaal of die intramolekulêre kragte wat in oplossings voorkom spektroskopies waargeneem kan word, en, indien wel, om hierdie kragte kwantitatief te bestudeer.

Daar is begin met die bestudering van die  $AlF$  molekule en 'n doeltreffende metode vir die opwekking van hierdie spektrum is ontwikkel.

Aandag is ook bestee aan die ontwerp en bou van 'n absorpsiebuis met 'n optiese padlengte van tot een kilometer vir die studie van absorpsie spektra van meeratomige molekules. Hierdie toerusting kan eger nie geïnstalleer word voordat die nuwe gebou voltooi is nie.

In die spektrochemiese afdeling duur fundamentele studies van die eienskappe van vonke voort. Hierdie studies is belangrik vir die kwantitatiewe bepaling waarvoor die spektra van vonke gebruik word.

### X-straaldiffraksie

Metodes van X-straaldiffraksie is gebruik om die interne struktuur van 'n aantal kristalle te bepaal. Sekere ondersoeke is voorgestel deur die Leernywerheidsnavorsingsinstituut in Grahamstad en die doelstelling daarvan was om die struktuur van 'n aantal chroomkomplekse te bepaal ten einde hul funksies te verstaan en sodoende 'n beter insig te kry van hul chemiese aard.

Attention has also been given to the apparatus required for studying the products of the cyclotron. A permanent magnet beta spectrometer is nearing completion in the workshops, but it will be some time before it can be put into use. The technique of scintillation counters has been studied and equipment using this principle built. It has already been used in some preliminary studies but additions of further apparatus will be needed before it is complete.

### Spectrography

The study of spectra during the last half century has given an answer to many questions on atomic and molecular structure. Some answers are however still outstanding.

In this laboratory an intensive search is being made for methods of disclosing the emission spectra of the molecules  $Be_2$ ,  $Sb_2$ ,  $Bi_2$ , and  $Si_2$ . Attempts at excitation by means of the hollow cathode, vacuum arc, high pressure arcs in controlled atmospheres, and by means of active nitrogen, have been unsuccessful. In the search for the  $Be_2$  spectrum a series of 4 unknown bands of very unusual structure was observed. No satisfactory explanation of these bands has yet been found, nor has the emitter been identified with any measure of certainty.

The effect of solvents on Raman spectra of organic compounds has been investigated with a view to determining whether the intermolecular forces which occur in solutions can be spectroscopically observed, and if so, to study these forces quantitatively.

A beginning has been made on the study of the  $AlF$  molecule and a suitable method of exciting its spectrum has been developed.

Attention is being given to the design and building of an absorption tube with an optical path-length of up to one kilometre for the study of absorption spectra of polyatomic molecules. Installation of this equipment would have to await completion of new buildings.

In the spectrochemistry section fundamental studies on the characteristics of sparks are being continued. These are important in the quantitative determinations for which the spectra of sparks are used.

### X-ray diffraction

X-ray diffraction methods were used to determine the internal structure of a number of crystals. Certain investigations were suggested by the Leather Industries Research Institute, Grahamstown, and their aim was to determine the structure of a number of chrome complexes in order to understand their functions and in this way to get a clear picture of their chemical nature.



Die struktuur van kalium, ammonium en rubidium-trioxalato-chromiaat is heeltemaal vasgestel en die struktuurverhoudings beskryf.

Voordat daar met hierdie ondersoek begin kon word was dit nodig om metodes te ontwikkel waardeur die absolute intensiteit van X-strale wat deur klein enkelkristalle verstrooi word met 'n Geigerteller-X-straal-spektrometer gemeet kon word.

#### Bestudering van metaal met die elektronmikroskoop


Ten einde 'n verklaring te vind vir die verskynsel van plastiese deformatsie in metale is omvattende ondersoek uitgevoer op enkelkristalle sowel as op veelkristallyne monsters van superrein aluminium. Ingevolge die resultate wat so verkry is, is 'n teorie m.b.t. die formasie van afskuiwingsbande voorgestel. Hierdie werk is in 'n aantal verhandelings gepubliseer.

#### Radiobiologie

'n Elektronversneller word tans gebou en sal gebruik word vir noukeurige eksperimente na die uitwerking van straling op ensieme en virusse.

#### Hittevloei in die aardkors

Voledige kennis van al die faktore wat betrokke is by die vloei van hitte in die aardkors kan van heelwat belang wees vir mynwerkzaamhede. Die hitteafdeling van hierdie laboratorium werk saam met liggame soos die Bernard Price-Instituut vir Geofisiese Navorsing en die Geologiese Opname om inligting oor hierdie onderwerp te versamel. Gedurende die afgelope jaar is die termiese geleidendheid gemeet van sowat 30 monsters wat geneem is uit die kern van 'n boorgat waarin temperatuurmetings uitgevoer is.



Hierdie universele vonk-booghouer vir die Spektrochemiese Afdeling is slegs een van die veel gespesialiseerde items toerusting wat deur die Sentrale Werkspase vervaardig is.

This universal spark-arc stand for the Spectrochemical Section is one of many specialized items of equipment made by the Central Work-shops.

The structures of potassiumammonium and rubidium-trioxalato-chromiate have been completely determined and their structural relations described.

As a preliminary to these investigations it was necessary to develop methods of using a Geiger-counter spectrometer to measure the absolute intensity of X-rays scattered from small single crystals.

#### Metal studies with electron microscope

With a view to finding a satisfactory explanation of the phenomenon of plastic deformation in metals, extensive investigations were carried out on single crystals as well as on polycrystalline specimens of high purity aluminium. On the basis of the results obtained, a theory of the formation of slip bands has been put forward. This work has been published in a number of papers.

#### Radiobiology

An electron accelerator is under construction which will be used for precision experiments designed to study the effects of radiation on enzymes and viruses.

#### Heat flow in earth's crust

A complete knowledge of all the factors involved in the flow of heat through the earth's crust is of some importance in mining operations. The heat section of this laboratory is co-operating with other bodies such as the Bernard Price Institute for Geophysical Research and the Geological Survey in collecting information on this subject. During the past year it has measured the thermal conductivity of some 30 samples taken from the core of a borehole in which temperature measurements have been made.

#### Magnetisering van rotse

Die onderafdeling vir toegepaste geofisika van hierdie laboratorium het begin met die bestudering van die onreëlmatige magnetisering wat in sekere gange aangetref word.

#### Geologiese ouderdom

'n Navorsingsbeampte is tans oorsee waar hy die tegniek van massaspektrometrie bestudeer—veral met betrekking tot die aanwending van hierdie tegniek tot die bepaling van die ouderdom van sekere rotse deur die hoeveelheid van die verskillende loodisotope daarin te meet. Voordat hy oorsee is het hierdie navorsings-beampte 'n massaspektrometer voltooi wat kan onderskei tussen ione met 'n „massa-tot-ladings-verhouding” tussen 12 en 460. Die oplosvermoë van hierdie apparaat moet egter nog verbeter word.

Hierbenewens word 'n metode vir die bepaling van isotoopverhoudings, deur gebruik van optiese emissiespektra en fotometrieë meettegnieke, ontwikkel.

#### STANDARDISERING EN TOETSING

##### Standaarde van massa en lengte

Die ontwikkeling van besonder noukeurige metings van massa en lengte word vertraag deur die gebrek aan ruimte in die huidige laboratoria. Die proto-tipe kilogramgewig en die vier kopieë daarvan wat vir hierdie laboratorium bestel is word tans by die B.I.P.M. getoets voordat hulle na Suid-Afrika gestuur word. Die spesiale kilogrambalans is reeds weggestuur. Die golflengte komparator vir die standardisering van ingenieursmeetblokke is nog nie tot bevrediging van die Britse Nasionale Fisiese Laboratorium voltooi nie. Hierdie toerusting sal nie doeltreffend gebruik kan word nie totdat ruimte daarvoor in die nuwe gebou beskikbaar is nie.

Gedurende die jaar onder behandeling is ongeveer 500 gewigte en stibehangerbakkie-eenhede vir die essaieer van goud getoets en is sertifikate daarvoor uitgereik.

##### ELEKTRIESE STANDAARDE

##### Elektromotiewe krag

Die verwysingstandaard vir elektromotiewe krag, bestaande uit 22 normale Westonselle wat spesiaal vir hul stabiliteit gekies is, word deur gereelde tussenvergeliking in noukeurig gekontroleerde temperatuur instand gehou.

Bestudering van die eienskappe van selle waarvan die ontwerp gewysig is, duur voort.

##### Weerstand

Gereelde tussenvergeliking van die 7 weerstande van die Thomas-tipe waaruit die laboratorium se verwysingstandaard van weerstand bestaan, dui daarop dat hul

#### Magnetization of rocks

A programme of study of the anomalous magnetization found in certain dykes has been begun in the applied geophysics section of this laboratory.

#### Geological age

A research officer is at present overseas studying the techniques of mass-spectrometry with particular attention to their use in determining the age of certain rocks by measuring abundances of the isotopes of lead present in them. Before leaving on his tour this officer completed the construction of a mass spectrometer which is able to separate ions of "mass to charge" ratios as low as 12 and as high as 460. The resolving power of this instrument still has to be improved.

In addition, a method for determining isotope ratios using optical emission spectra and photometric measuring techniques is being developed.

#### STANDARDIZATION AND TESTING

##### Mass and length standards

Present lack of space in our laboratories seriously handicaps the development of high precision measurements of mass and length. The prototype kilogramme weight and its four copies ordered for this laboratory are at present being verified at the B.I.P.M. before dispatch to this country. The special kilogramme balance has already been dispatched. The wavelength comparator for standardizing engineering end gauges has not yet been completed to the satisfaction of the British National Physical Laboratory. We shall not be able to use any of this equipment effectively until space for this purpose becomes available in the new buildings.

During the year about 500 weights and riders for assaying gold were tested and given certificates.

##### ELECTRICAL STANDARDS

##### Electromotive force

The reference standard of electromotive force consisting of 22 Weston Normal Cells specially selected for their stability is being maintained by regular inter-comparison at an accurately controlled temperature.

A study of characteristics of cells of modified design continues.

##### Resistance

Regular inter-comparisons of the 7 Thomas Type resistors constituting our reference standard of resistance indicate that their stability justifies an effort to increase

stabiliteit die poging om die juistheid van ons tussenvergelijking tot 1 deel in  $10^7$  uit te brei, regverdig; dit word derhalwe uitgevoer.

'n Groot aantal standaardsele is volgens ons ver wysingstandaarde geyk. Besondere aandag is bestee aan die toets van lae weerstande by hoë strome. 'n Stroomregulator wat daartoe instaat is om strome tot by 600 ampere te kontroleer is gebou.

#### Oordragapparaat

Die bou van die nuwe wisselstroom/gelykstroom oordragapparaat wat deur hierdie laboratorium ontwerp is, is voltooi en onder verskillende toestande getoets. 'n Verhandeling oor die ontwerp en werkverrigting van hierdie apparaat is persklaar gemaak. Dit het die voordeel bo ander instrumente wat voorheen gebruik is dat dit vry is van nulpuntverskuiwing en daarby nog veel sydig en gerieflik is. 'n Groot aantal instrumente is geyk.


#### Magnetiese eienskappe

'n Permeameter vir die meet van magnetiese eienskappe van materiale word tans gebou.

#### Frekwensie

Verdere toebehore is vir die kristalossilator wat die frekwensiestandaard van hierdie laboratorium uitmaak, gebou—hierdeur word die reeks van frekwensies waarmee dit vergelyk kan word, uitgebrei. 'n 65 Watt versterker is ontwerp en gebou vir die verspreiding van 'n standaard 50 hertz frekwensie deur die laboratorium vir noukeurige tydmetings. Ringtellers vir gerieflike metings van tydsvlakke is ontwikkel en gebou.

Verskillende ossilators en tydvlakmeters is geyk.



Oordragstandaard vir die yking van wisselstroom instrumente. Hierdie reflekerende dinamometer-instrumente kan afgelees word tot 1 deel in 10,000 van 'n volle skaaluitwyking op 'n skaal wat 10 voet lank is en waarvan die radius 2 meter is. Die skaal en instrumente is gemonteer op 'n verplaasbare raamwerk wat mettertyd na die permanente geboue vervoer sal word.

Transfer standard for calibrating alternating current instruments. These reflecting dynamometer instruments can be read to 1 part in 10,000 of full scale deflection on a scale which is 10 ft. long and has a radius of 2 metres. Scale and instruments are mounted on a portable frame for eventual removal to permanent buildings.

the precision of our intercomparisons to 1 part in  $10^7$ ; this is accordingly being done.

A large number of standard cells have been calibrated against our reference standards. Special attention has been given to the testing of low resistance at high currents. A current regulator capable of controlling currents up to 600 amperes was constructed.

#### Transfer instrument

The construction of the new AC/DC transfer instrument designed in this laboratory has been completed and tested under a variety of conditions and a paper on its design and performance has been prepared. It has advantages over the instruments previously used in freedom from zero drift, frequency response, versatility and convenience in use. A large number of instruments have been calibrated.

#### Magnetic characteristics

A permeameter for measuring the magnetic characteristics of materials is under construction.

#### Frequency

Additional auxiliaries have been constructed for the crystal oscillator providing the frequency standard of this laboratory which will extend the range of frequencies with which it can be compared. A 65 watt amplifier has been designed and constructed for the distribution of a standard 50 cycle frequency throughout the laboratory for purposes of accurate timing. Ring counters for easy measurement of time intervals have been developed and built.

Various oscillators and time interval meters have been calibrated.

#### Kapasitansie en induktansie

Vir noukeurige brugmeting van kapasitansie en induktansie is 'n universele aardsluitingsinstrument van die Wagner-tipe vir audiefrekwensies ontwerp en gebou. 'n Frekwensie-selektiewe detektorversterker is ook gebou.

Aandag word ook bestee aan metings van die magnetiese draaimomente van die proton tot 'n hoë noukeurighedsgraad.

Aangesien dit 'n „natuurlike” konstant is, kan dit ook gebruik word om ons verwysingstandaarde te toets op dieselfde manier as wat die golflengte van 'n gekose spektraalyn gebruik kan word om die lengtestandaard te toets.

#### HITTESTANDAARDE

#### Internasionale temperatuurskaal


Daar is gevind dat twee van die platina-weerstande wat gebruik word vir die instandhouding van die laboratorium se internasionale temperatuurskaal foutief is. Hulle is nou reggestel en by drie fundamentele punte nagegaan. Na vergelyking met vorige ykings, is daar gevind dat hulle besonder goed daarmee ooreenstem.

Die volgende instrumente is vir buite-liggame en onderafdelings van die W.N.N.R. geyk:

200 termometers, 9 termokoppels, 2 optiese piro-meters, 1 termokoppelpirometer.

#### Emmissiwiteit

Die emissiwiteit van sinkplaat is met gebruik van 'n nuwe metode wat spesiaal vir hierdie doel ontwikkel is ten behoeve van die Nasionale Bounavorsingsinstituut gemeet.



Winding a coil of copper wire on to a cylinder of marble in the construction of a standard inductance, designed to give an accuracy of 20 parts in a million.

'n Koperdraad word op 'n marmervormer gedraai in die konstruksie van 'n standaard induktans wat ontwerp is om 'n akkuraatheid van 20 dele per miljoen te gee.

#### Capacitance and inductance

For the purpose of precision bridge measurement of capacitance and inductance a universal Wagner earthing device for audio frequencies has been designed and built. A frequency selective detector amplifier has also been built.

Attention is being given to the measurement of the gyromagnetic ratio of the proton to high precision. Since this is a “natural” constant it could be used as a check on our reference standards in the same way as the wavelength of a selected spectral line can be used to check the standard of length.

#### HEAT STANDARDS

#### International temperature scale

Two of the platinum resistors used for maintaining the international temperature scale in our laboratory proved to be faulty. They have now been repaired and checked at three fundamental points. The agreement obtained with a previous calibration is excellent.

The following instruments have been calibrated for outside concerns and sections of the C.S.I.R.:

200 thermometers, 9 thermocouples, 2 optical pyrometers, 1 thermocouple pyrometer.

#### Emissivity

The emissivity of galvanized iron has been measured for the National Building Research Institute using a newly developed method for this purpose.

### Termiese geleidendheid

Die apparaat vir die meet van die termiese geleidendheid van dun blokke word herbou. Meeste van die onderdele is ontvang en sodra die nodige loodgieterswerk voltooi is, sal dit geïnstalleer word.

#### FOTOMETRIESE EN STRALINGSTANDAARDE

### Fotometriese toetsing

'n Fotometriese toetsstasie is voltooi. Die binneoppervlakte van 'n integrerende sfeer is gevef en 'n reeks omvattende toetse om nie-selektiewe refleksie te bewerkstellig, is uitgevoer. Die elektriese skakelbord is nou voltooi en geïnstalleer en werk duur voort op die daarstelling van die verskillende fotometriese standaarde.

### Spektroradiometer

'n Universele spektroradiometer is ontwerp en die nodige aanvoortoele uitgevoer. Dit sal moontlik wees om die meeste spektraalstralingsvraagstukke soos bv. spektrofotometrie, spektroradiometrie en spektraalstudies van stralingsmetings ens., deur gebruik van hierdie apparaat oor 'n groot golflengtereeks te ondersoek. Daar is reeds 'n groot aanvraag vir metings wat met hierdie apparaat uitgevoer sal kan word.

Die ontwerp van 'n lineariteitstoetsapparaat vir fotoelektriese buise en verveelvoudigers is voltooi en goeie vordering is gemaak met die bou daarvan.

#### AKOESTIESE METINGS

### Yk van elektro-akoestiese toerusting

'n Aantal elektro-akoestiese magnetiese energieomsetters, grammofoon-klankarms, ontvangtoestelle en luidsprekers is vir ons eie gebruik sowel as vir buite-lyggame geëyk.

### Klankabsorpsie

Deur gebruik van 'n impedansbuis is metings van klankabsorpsie uitgevoer op monsters van boumateriale.

### Akoestiese impedans

Die soortelike akoestiese weerstand per sentimeter dikte van 'n akoestiese materiaal is een van die fundamentele eienskappe daarvan. Dit is bewys dat vir die meeste homogene materiale hierdie eienskap noukeurig genoeg deur stroomweerstandsmetings bepaal kan word. 'n Nuwe metode is ontwikkel vir die meet van die vloeiveerstand in akoestiese materiale. Toerusting hiervoor is gebou en word getoets.

### Artikulasie en verstaanbaarheid

Omdat spraak verreweg die belangrikste omgangsmiddel is, is dit belangrik dat die faktore wat die verstaanbaarheid daarvan beïnvloed, bepaal moet word.

### Thermal conductivity

The apparatus for measuring thermal conductivity of thin slabs is being rebuilt. Most of the components have arrived and the installation will be completed as soon as the necessary plumbing has been done.

#### PHOTOMETRIC AND RADIATION STANDARDS

### Photometric testing

A photometric testing station has been completed. Extensive tests were conducted on the painting of the inside of the integrating sphere to obtain non-selective reflection. The electrical control panel has now been completed and installed and work is continuing for establishing the different photometric standards, and providing the necessary facilities.

### Spectroradiometer

A universal spectroradiometer was designed and the required preliminary tests conducted. The construction of the instrument is nearing completion. The instrument is intended to be adaptable to most spectral radiation problems, such as spectrophotometry, spectroradiometry, spectral studies on radiation measuring elements, etc., over a wide wavelength range. A considerable demand for these measurements already awaits the completion of this instrument.

The design of a linearity tester for photoelectric tubes and multipliers is completed and construction is progressing.

#### ACOUSTIC MEASUREMENTS

### Calibration of electro-acoustic equipment

A number of electro-acoustic transducers, gramophone pick-ups, receivers and loud speakers have been calibrated for our use as well as for outside organizations.

### Sound absorption

Measurements of sound absorption have been carried out on many samples of building materials using an impedance tube.

### Acoustic impedance

The specific acoustic impedance per centimetre thickness of an acoustic material is one of its basic properties. It has been shown that this property can, for most homogeneous materials, be determined with sufficient accuracy from flow resistance measurements. A new method for measuring flow resistance in acoustic materials has been developed. Equipment has been built and is being tested.

### Articulation and intelligibility

Speech being by far the most important medium for communication it is important to determine the factors which influence its intelligibility. It is therefore neces-

sary to set up standards for testing articulation and intelligibility. These standards consist of certain word lists representative of the language as ordinarily spoken. Such word lists are being set up both for English and Afrikaans, and will be used as a basis for testing halls and sound equipment of all kinds for their effectiveness in conveying speech.

#### RADIOACTIVITY STANDARDS

The purpose of this work is to provide absolute and relative standards for any radio-isotope in any quantity. It is also intended to provide facilities for measuring neutron intensities.

Routine measurements on radio-isotopes have been made throughout the year using the air-wall ionisation chamber.

The coincidence set-up for absolute standardization of isotopes with simple disintegration schemes is working well and it has been possible to check within 2% standardizations carried out at Harwell.

Experience has been gained in the use of the 4II counter with which it should ultimately be possible to standardize the activity of any isotope regardless of the complexity of its disintegration scheme. This goal has not been reached.

#### X-RAY DOSIMETRY STANDARDIZATION AND FILM-BADGE SERVICE

X-ray therapy equipment has been calibrated for four outside bodies. Radiation surveys have been carried out for the X-ray departments of six hospitals and recommendations have been made to improve the protection against radiation exposure.

The number of film badges used has been: 2,196 by outside bodies; 716 in the National Physical Laboratory. The total number used has remained practically constant; 32 institutions have made use of the service, 9 of which have done so for the first time this year.

#### SCIENTIFIC AND INDUSTRIAL APPLICATIONS

#### ANALISE

### Spektrochemie

Die Afdeling Spektrochemie van die Nasionale Fisiese Laboratorium is tans reeds welbekend aan sekere industrieë waarvoor dit 'n aansienlike hoeveelheid roetiene-analises uitvoer. Analises van drukkermetale, sinklegerings en ertsmonsters word nog steeds gereeld onderneem en 500 monsters is gedurende die afgelope jaar geanaliseer.

'n Kwantitatiewe spektrochemiese analiseermetode is uitgewerk vir die analise van lood en sinkertse.


#### ANALYSIS

### Spectrochemistry


The Spectrochemistry Section of the National Physical Laboratory is now well known in certain sections of Industry for which it does an appreciable amount of routine analysis. Analyses of printer's metals, zinc base alloys and of ore samples are still being undertaken regularly and 500 different samples were analyzed during the past year.

A quantitative spectrochemical method has been worked out for the analysis of lead and zinc ores.

Bo: 'n Meter word gebruik om die verspreiding van straling rondom X-straal apparaat wat vir diagnose gebruik word, te bepaal.



Onder: Radio-fosfor en radiojodium, wat by die groot maat ingevoer word, word in dosisse opgemaak. Personeel bly op 'n veilige afstand deur gebruik te maak van hierdie afstandsbeheertegniek.



Above: A survey-meter being used to determine the distribution of radiation around diagnostic X-ray equipment.

Below: Radio-phosphorous and radio-iodine, imported in bulk, are dispensed into doses. Staff keep at a safe distance by using this remote control device.

'n Spektrochemiese apparaat is vir 'n nywerheid-sonderneming gebou en reggestel. Hierdie apparaat word gebruik vir produksiebeheer en lewer bevredigende resultate.

Verdere aanvoerwerk is vir die Komitee insake Navorsing op Spoorelemente in Suid-Afrika onderneem. Een navorsingsbeampte van die Tabak-Navorsingstasie was vir drie weke in die laboratorium werksaam om ondervinding op te doen i.v.m. die spektrochemiese metodes wat betrokke is by die analise van plantmateriaal. Tans bestudeer twee beamptes van die Afdeling Tuinbou spektrochemiese metodes in die laboratorium.

Die infrarooi-spektrometer wat bestel is, is gedurende die jaar afgelewer. Hierdie apparaat word tans getoets en sal 'n groot hulp wees by die oplossing van die fundamentele struktuur van organiese stowwe wat ekonomies van belang is vir Suid-Afrika. Dit sal ook gebruik word om infrarooi spektra van minerale olies en van olies wat vir verf gebruik word, te bestudeer.

Die ontwikkeling van 'n direktelesende apparaat vir die middelslag Hilgerspektrograaf is voltooi en word in die werksplase gebou. Die elektroniese ontwikkeling van hierdie apparaat word vertraag deur tekort aan personeel in die afdeling elektronika. Hierdie apparaat sal van groot nut wees in spektrochemiese analises aangesien dit die juistheid waarmee analise uitgevoer word sal verbeter. Fundamentele vonk-studies sal ook met hierdie instrumente uitgevoer kan word.

#### Mikrogolf spektroskopie

'n Mikrogolf spektroskoop word in die afdeling elektronika gebou vir chemiese analise en om inligting te verstrek oor die struktuur van die meer gekompliseerde molekules.

#### X-straaldiffraksie

Daar is gevind dat die diffraksieopnames van groot nut is vir die bestudering van die ontbinding van dolomiet. (Sien bl. 21).

Gedurende hierdie navorsingsprojek is 'n nuwe metode vir die meet van kristallietgroottes deur gebruik van X-strale, ontwikkel, en is die spoed, juistheid en nut van hierdie metode in 'n verhandeling beskrywe.

Dergelike tegnieke is toegepas tot 'n bestudering van sintetiese wolprodukte wat in samewerking met die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium onderneem is, en het daartoe gelei dat die aard van 'n groot aantal koolwaterstofmengsels wat uit wololies vervaardig word, uitgekien is. 'n Metode om die grondvlak-refleksies te beklemtoon en te meet is gebruik en die resultate wat verkry is, het dit moontlik gemaak dat die aantal koolstofatome in hierdie langkettingkoolwaterstofmengsels noukeurig bepaal kon word.

A spectrochemical unit was set up and adjusted for an industrial undertaking. This unit is being used for production control and is functioning satisfactorily.

Further development work was undertaken for the Committee for Trace Element Research in South Africa. One officer of the Tobacco Research Station worked in the laboratory for three weeks to gain experience in spectrochemical methods of analysing plant materials. At present two officers of the Horticultural Division are studying spectrochemical methods in this section.

The infra-red spectrometer which had been ordered was received during the past year. The instrument is at present being tested and will be a great aid in solving fundamental structure of organic substances of economic importance in South Africa. It will also be used to study infra-red spectra of mineral oils and of oils used in paints.

The development of a direct reading attachment for the medium Hilger spectrograph was completed and is at present being manufactured in the workshop. The electronic development for this instrument is being held up by a shortage of staff in the electronics section. This instrument will be a valuable asset for spectrochemical analysis as it will improve the accuracy with which analyses can be performed. Fundamental spark studies will also be made with this instrument.

#### Micro-wave spectroscopy

A micro-wave spectroscope is being built in the electronics section. When complete the spectrograph will be used as an aid to chemical analysis and to supply information on the structure of the more complicated molecules.

#### X-ray diffraction

X-ray diffraction patterns were found invaluable in a study on the decomposition of dolomite. (See p. 21.)

During this research project a new method of measuring crystallite sizes by X-ray methods was developed and the speed, accuracy and usefulness of this method have been described.

Similar techniques were applied in a study of synthetic wool products undertaken in conjunction with the National Chemical Research Laboratory and several to identify the nature of a large number of hydrocarbon compounds prepared from wool fats. A method of accentuating and measuring the "basal reflections" was used, and the results obtained enabled us to specify accurately the number of carbon atoms in these long-chain hydrocarbon compounds.

'n Studie van Transvaalse chroomertse is onderneem ten einde resultate wat met chemiese en X-straaltegnieke verkry is, te korreleer. Noukeurige kristalwerk bepaling is uitgevoer op 'n groot aantal monsters afkomstig van verskillende plekke. Deur die wet van Vegard toe te pas tot die X-straal gegewens en tot die resultate van die chemiese analises, was dit moontlik om die samestelling van hierdie spinelle in vaste oplossing te bepaal. 'n Verslag van hierdie werk is gepubliseer.

'n Metode is ontwikkel waardeur die persentasie vrye kwarts in stofmonsters afkomstig van myne en fabriek vinnig en sekuur bepaal kan word. Die resultate wat verkry is van hierdie bepaling word gebruik in verband met navorsing op myntering. Die kwantitatiewe X-straal analiseermetode is ook dikwels toegepas tot nywerheidsprobleme; 'n kwantitatiewe bepaling van  $\text{Ca(OH)}_2$  in afval-kalkhope is byvoorbeeld uitgevoer ten behoeve van 'n firma wat vuurstene vervaardig.

X-straaldiffraksiemetodes is gebruik in 'n ondersoek na die struktuur van metale en legerings wat uitgevoer is in samewerking met die afdeling fisika van materiale van die Staatsmetallurgielaboratorium. Noukeurige kristalwerk-parametermetings is van etlike legerings gemaak en die struktuur van 'n aantal sinteties-voorbereide spinelle is bepaal. Werk op monsters tungsten-karbid wat vir verskillende nywerheidsfirmas onderneem is, is tans onder hande.

Hierdie werk word gedoen ten einde die korellasie tussen X-straal-gegewens—korrelgroottes, samestelling en tekstuur—en die fisiese eienskappe wat gedurende werking deur die monsters getoon is, te vind.

Veel tyd is bestee aan roetiene uitkenning van die mengsels wat in materiale soos stoomketelslak, korrosie-produkte van metale, ens. teenwoordig is. By die uitkenning van die mengsels is die nut van X-straaltegnieke weereens geopenbaar. 'n Omvattende liaseersisteen word tans opgerig vir diffraksiegegewens.

#### Elektronmikroskoop

Die elektronmikroskoop is gebruik vir die bestudering van biologiese vraagstukke in samewerking met Onderstepoort en etlike patologie-laboratoriums. Bakterieë en virusse wat na vermoed word sekere dieriesiektes veroorsaak, is ondersoek ten einde hul grootte en struktuur te bepaal.

Talle kleimonsters is met die elektronmikroskoop ondersoek vir die bepaling van hul grootte, vorm en struktuur. Die inligting wat op hierdie manier verkry is, het aansienlik bygedra tot ons kennis van die samestelling van Suid-Afrikaanse klei-neerslae.

'n Elektronmikroskopiese bestudering van wolvesels is ook onder hande.

Heelwat tyd is bestee aan die ontwikkeling van nuwe tegnieke vir die voorbereiding van monsters en aan

In a study of Transvaal chrome ores the aim was to correlate chemical and X-ray evidence on the composition of this important mineral. Accurate lattice determinations on a large number of samples from various localities were carried out. By applying Vegard's rule to the X-ray data and the results of chemical analysis, it was possible to determine the composition of these spinels in solid solution. An account of this work has been published.

A method has been developed to determine accurately and quickly by X-ray methods the percentage "free quartz" in airborne dust samples from mines and factories. The results of these determinations are being used extensively in connection with research on silicosis. The quantitative X-ray method of analysis is also frequently applied to problems of an industrial nature; for example a quantitative determination of  $\text{Ca(OH)}_2$  in waste lime dumps was carried out for a firm manufacturing firebricks.

X-ray diffraction methods were applied in an investigation carried out in collaboration with the metal physics section and the Government Metallurgical Laboratories on the structure of metals and alloys. Accurate lattice parameter measurements were made on several alloys, and the structures of a number of synthetically prepared spinels were determined. Work on tungsten carbide samples which was undertaken for various manufacturing firms is now in progress. The aim of this work is to try to find correlation between the observed X-ray data such as grain size, composition and texture, and the physical properties exhibited by the specimens during operation.

Much time was devoted to routine identification of compounds present in materials such as boiler slags, corrosion products from metals, etc. In this particular field of identifying compounds X-ray methods have proved their extreme usefulness. An extensive filing system of diffraction data is being compiled.

#### Electron microscope

The electron microscope has been used to study biological problems in co-operation with Onderstepoort and several pathological laboratories. Bacteria and viruses thought to be responsible for certain diseases amongst animals were examined in order to get information on the size and structure of these bodies.

Numerous samples of clay minerals were examined with the electron microscope to determine size, shape and structure of the clay particles. The information so gained has added considerably to our knowledge of the composition of South African clay deposits.

An electron microscopical study of wool fibres is also in progress.

Considerable time was devoted to the development of new techniques of specimen preparation and metal

metaal-beskaduweeingstegniek ten einde die oplosvermoë van elektronmikroskoopopnames te verbeter. Die elektronmikroskoop is ook toegerus met 'n vakuümplaatkamera wat in hierdie laboratorium ontwerp en in ons werksplase gebou is. Hierdie kamera blyk bevredigend te wees en dra aansienlik by tot die bruikbaarheid en nuttigheid van die Philips-elektronmikroskoop.

#### Massaspektrometrie

Die tegnieke van massaspektrometrie is toegepas in 'n „uitruilingstudie” wat uitgevoer is in samewerking met die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium. Hierdie studie is onderneem ten einde die mate tot waarin uitruiling van bestanddele plaasvind tussen 'n soliede mengsel en die omringende atmosfeer te bepaal.

#### Radioisotope

Radioisotope is vir mediese gebruik ingevoer en nuwe metodes is ontwikkel vir die roetiene-uitdeling van hierdie isotope en vir metings van die inname daarvan deur pasiente. Ingevolge reëlins wat getref is met die Afdeling Burgerlike Lugvaart sal die regulasies m.b.t. die vlerkpuntskema so gewysig word dat groter hoeveelhede van party van die radioisotope ingevoer sal kan word.

Altesaam 6,587 millicuries radioaktiewe materiaal is gedurende die afgelope jaar mee gehandel, vergeleke met 5,297 millicuries gedurende vorige jaar; 513 dosisse radio-jodium is opgemaak en metings is op 301 pasiente uitgevoer.

'n Navorsingsassistent van die Mediese Skool van die Universiteit van die Witwatersrand is tans in die laboratorium werksaam op ystermetabolisme.

Die tegniek van sintillasiemeters is bestudeer en apparaat is ontwerp en gebou met die doel om dit toe te pas tot biologiese werk waar radioisotope gebruik word. Eksperimente word ook uitgevoer met vloeibare sintillasiemateriaal. Indien hierdie proewe slaag, word dit verwag dat die resultate tot in groot mate op mediese gebied toegepas sal kan word.

Advies is verleen aan 'n groot aantal buite-liggame i.v.m. die moontlike toepassings van radioisotope. Drie persone is opgelei in die hantering van radioaktiewe stowwe.

#### INSTRUMENTASIE

##### Ontwerp van optiese instrumente

Heelwat aandag is bestee aan verdere ontwikkeling van toetsmetodes vir mikroskope; vier mikroskope is ondersoek.

Die metode vir die bepaling van koma en oplosvermoë d.m.v. 'n model optiese bank is ontwikkel.

shadowcasting in order to improve on the resolution of electron micrographs. The electron microscope has been provided with a vacuum plate camera designed in this laboratory and constructed in our workshops. This camera has proved to be most satisfactory during use and adds considerably to the flexibility and usefulness of the Philips electron microscope.

#### Mass spectrometry

Mass spectrometry techniques were applied in an "exchange" study carried out in co-operation with the National Chemical Research Laboratory. The purpose of this study was to determine the extent to which exchange of constituents takes place between a solid compound and its surrounding atmosphere.

#### Radio-isotopes

Radio-isotopes have been imported for medical use and new methods have been developed for routine dispensing of this material and for uptake measurements on patients. Arrangements have been completed with the Division of Civil Aviation to modify the regulations on the wingtip scheme so that larger quantities of some radio-isotopes may be flown out.

A total of 6,587 millicuries of radioactive material has been handled during the year as compared with 5,297 millicuries during the previous year; 513 doses of radio-iodine were dispensed and measurements were made on 301 patients.

A Research Assistant of the Medical School of the University of the Witwatersrand is given facilities for work on iron metabolism.

Scintillation counter techniques are being studied and apparatus has been built with a view to application to biological radio-isotope work. Experiments are also being carried out with liquid scintillating materials. If successful, it is believed there should be a wide medical application.

Advice has been given to a large number of outside institutions on the possible applications of radio isotopes. Three persons have been trained in the handling of radio-active material.

#### INSTRUMENTATION

##### Optical instrument design

Considerable attention was given to the further development of our test methods on microscopes; four microscopes were tested.


The method for determining coma and resolving power, using a model slide bench, was developed.

## Radiografie

Sekere radioisotope bied 'n eenvoudige en goedkoop plaasvervanger vir X-strale waar dit vir radiografiese doeleindes gebruik word. Toetse is uitgevoer ten einde die optimum toestande vir die maak van radiografiese opnames vir die opsporing van foute in verskillende metale van verskillende diktes, te vind. Hierdie metode is besonder nuttig gevind vir die ondersoek van die gietsel wat vir die vakuümkamer van die siklotron gebruik sal word voordat enige masjienwerk daaraan


## Radiography

For radiography certain radio-isotopes offer a simple and inexpensive substitute for X-rays. Tests have been carried out to determine the optimum conditions for making radiographic surveys to determine faults in different metals and for various thicknesses. The method proved very useful in examining the casting to be used for the vacuum chamber of the cyclotron for possible faults before any machining was done. This method has also been accepted by a local firm for the regular



Regs: 'n Buigbare plastiese ring wat radio-kobaltdraad bevat word vervaardig vir die behandeling van kanker van die baarmoedernek.

Onder: 'n Navorsingsassistent van die Mediese Skool, Universiteit van die Witwatersrand, wat yster-metabolisme in die W.N.N.R. laboratoriums bestudeer, is hier besig om 'n elektrolitiese metode te gebruik vir die bepaling van radio-yster in bloedmonsters.



Above: Making a pliable plastic ring containing radio-cobalt wire for treatment of carcinoma of the cervix.

Below: A research assistant of the Medical School, University of the Witwatersrand, working on iron metabolism in the C.S.I.R. laboratories, is seen here using an electrolytic method for determining radio-iron in blood samples.

gedoen word. Hierdie metode is ook deur 'n plaaslike firma aanvaar vir die gereelde ondersoek van bauksiet blokke voordat hulle ingebou word in die glas-hoogoond. Hierdeur word heelwat geld gespaar.

## Seismiese instrumente

Die kort-afstand seismiese instrument wat deur die afdeling toegepaste geofisika van hierdie laboratorium ontwikkel is, is met groot welslae gebruik vir die ondersoek van ondergrondse struktuur by die W.N.N.R. se nuwe bouplek.

## Fotoelastisiteit

